**Die nuwe verbond: Sondeskuld vergewe**

**Jer 31:31-34, Heb 7-10**

**24 November 2024**

1. Vantevore: Nuwe verbond vervang die Sinaiverbond. Die Here beloof nuwe harte (wedergeboorte) waarin die Heilige Gees woon wat sal sorg dat gelowiges die bepalings van die Here nakom. In die nuwe verbond sal almal die Here ken (gemeenskap van wedergeborenes).
2. Die Here beloof ook: effektiewe en ewige sondevergifnis (Jer 31:34b, Eseg 36:25)
3. Nuwe verbond spreek ook vraagstuk 1 (sondeskuld) effektief aan – anders as oneffektiewe aanspreek in ou verbond
4. Die Here Jesus is 'n beter Hoëpriester (Heb 7)
    a. Jesus is Hoëpriester volgens orde van Melgisedek (hoër orde as Levitiese orde) (Heb 7:14-17, Gen 12:17 ev, Heb 7:4-10)
    b. Jesus se aanstelling as Hoëpriester is deur die Here met eed bevestig (Heb 7:20-21)
    c. Jesus is ewige Hoëpriester (Heb 7:23-25)
    d. Jesus is volmaakte Hoëpriester (Heb 7:26-28)
5. Die Here Jesus is Middelaar van 'n beter verbond (Heb 8)
    a. Moses was die middelaar van die ou verbond (Heb 8:5)
    b. Jesus is Middelaar van nuwe, uitnemender verbond (Heb 8:6)
    c. Moses was bedienaar ín huis van God, Jesus is Seun óór huis van God (Heb 3:5-6)
6. Die Here Jesus doen diens in 'n beter heiligdom (Heb 9:1-11)
    a. Opstelling van ou verbond tabernakel is deur die Here voorgeskryf – beperkte toegang tot die Here (Heb 9:1-8)
    b. Ou verbond tabernakel was afbeelding, afskaduwing, nabootsing van ware tabernakel in nuwe verbond – om ons te leer (Heb 8:5, 9:24)
    c. Jesus is beweeg deur uitnemender tabernakel – ware tabernakel (Heb 9:11, 8:2)
    d. Ou verbond tabernakel beeld Jesus se werk in die nuwe verbond tabernakel uit:
        - Uitverkiesing – uitverkore volk woon om die tabernakel
        - Wedergeboorte – rein lede van volk beweeg in die voorhof in
        - Regverdigmaking – offer op brandofferaltaar in die voorhof betaal vir gelowiges se sondeskuld, hulle word rein gewas in die waskom
        - Heiligmaking – afgebeeld in Heilige: gelowiges wandel in die lig, eet van die brood, bid
        - Heerlikmaking – afgebeeld in Allerheiligste: gelowiges skuil in Jesus en kom in die teenwoordigheid van die Here
7. Die Here Jesus bring 'n beter offer (Heb 9-10)
    a. Ou verbond offers: herhaaldelik gebring, bewerk nie volmaaktheid nie, herinner net aan sonde, neem nie sondeskuld weg nie (Heb 10:1-4)
    b. Jesus se offer van Sy liggaam en bloed: bevredig die Here, effektief om sondeskuld te delg, eenmalig (Heb 10:5-12)
8. Opsommend:
    a. Nuwe verbond: Uitnemender Hoëpriester, Middelaar, heiligdom, offer
    b. Kontinuïteit: beide verbonde fokus op hoëpriester, middelaar, heiligdom, offer
    c. Diskontinuïteit: nuwe verbond is vervulling van ou verbond afbeeldings (daarom verval die ou verbond)
    d. Doel van ou verbond: om ons te leer hoe die Here in die nuwe verbond werk